

# ATKV-DRAKENSVILLE

## Omgewingsentrum

**Die ATKV-Drakensville Omgewingsentrum, geleë in die pragtige Drakensberge, bied ’n verskeidenheid opwindende avontuur ervarings en ontwikkelingsprogramme.**



“Ons onnies was verbaas toe ons vlot gedryf het. Dit was so coo!”

DRAKENSVILLE


ATKV VAKANSIE Oorde



# Aksie, avontuur en spanbou tussen die berge

ʼn Land soos Suid-Afrika met sy rykdom aan asemrowende landskappe, skouspelagtige natuurtonele en wye verskeidenheid toersite-aantreklikhede, verdien om verken en geniet te word. Die ATKV bied die ideale oplossing – sewe pragoorde geleë in van die mooiste gedeeltes van ons land, omring deur kulturele sowel as historiese besienswaardighede.

Kom geniet ʼn luilekker familievakansie, inspirerende konferensie, spanbousessie, droomtroue of skooltoer. Die keuse is waarlik joune!



## VAKANSIEPARADYS

ATKV-Drakensville, geleë naby die voetheuwels van die beroemde Drakensberg Amfiteater – deel van ʼn befaamde Wêrelderfenisgebied, is ʼn plek soos min.



## KAMP-SONDER-BRIEKE
## TUSSEN DIE BERGE



Maar vakansie-hou is nie die enigste opsie wat ATKV-Drakensville jou bied nie. Dit is ook die perfekte bestemming vir kamp-sonder-brieke vir skool-, student- of selfs kerkgroepe.
Drakensville spog met 'n omgewingsentrum wat 'n groot verskeidenheid kursusse en programme aanbied. Ons ervare span kursusaanbieders en die opwindende reeks aktiwiteite waarborg 'n ervaring sonder weerga.

## KURSUSSE EN PROGRAMME SLUIT IN



- Leierskap
- Spanboukonferensies
- Pret en avontuur
- Sport
- Lewensvaardighede en doelwitstelling
- Baie ander pasgemaakte kursusse en programme

## BESIENSWAARDIGHEDE

Behalwe vir hierdie wonderlike, verrykende kursusse en programme is daar ook 'n groot verskeidenheid toeristeaantreklikhede in die omgewing soos die Drakensberg-kragstasie, Koninklike Nasionale Park, die Basotho-kultuurdorp en baie meer.
Jul kan ook uitsien na aktiwiteite soos:



- Foefieglybaan
- Abseil
- Boogskiet
- Staptoere
- Perdry
- Vlotbou
- Verfbal
- Hindernisbaan
- Waterstudie
- Groepuitdagings en -speletjies





## TUISTE VIR ALMAL

ATKV Drakensville bied 'n verskeidenheid gerieflike verblyftipes. Skoolgroepe moet asseblief die volgende voorwaardes in ag neem:

» Vier onderwysers bly gratis vir elke 60 leerders (of 'n gedeelte daarvan)
» Alle etes vir personeel moet betaal word
» Een busbestuurder per 40 leerders sal kwalifiseer vir gratis verblyf
» Alle etes deur skool of busmaatskappy betaalbaar
» Alle spesiale kosversoeke moet ons asseblief sewe dae voor aankomsdatum bereik

## KOM BESPREEK JOU AVONTUUR

Hier is alles wat jy nodig het om te bespreek! 'n Deposito van R2500 word binne 10 dae benodig om bespreking te bevestig. Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.



## BEPLAN JOU BESOEK

» Besluit op 'n geskikte datum.
» Kontak ons om jou besoek te bespreek 036 438 6287.
» Voltooi en stuur die besprekingsinligting terug. Maak seker dat jy jou keuse van aktiwiteite op die vorm aandui.
» Die uitstaande betaling moet voor of met aankoms in kontant of per bankgewaarborgde tjek betaal word.
» Daar sal van toesighouers onder leiding van 'n instrukteur verwag word om tydens die programme en aktiwiteite verantwoordelikheid te neem vir sekere aspekte van die programme en vir veiligheid.
» Stuur asb. die finale bevestiging aan ons nie minder as sewe dae voor aankoms nie.
» Maak asb. seker dat daar ten minste een onderwyser beskikbaar is vir die toesig van elke 20 leerders. Indien hierdie versoek nie haalbaar is nie, kan u ons kontak en reël vir addisionele toesig teen R 350 per dag.






## BELANGRIKE BENODIGDHEDE

Personeel moet asseblief toesien dat leerders die volgende items saambring:

- Gemaklike ou klere
- Gemaklike stapskoene wat vuil en nat kan word (plakkies is nie voldoende)
- Werkende flitslig
- Waterbottel – enige waterhouer bv. Powerade bottel ens.
- Reënjas of waterwerende baadjie
- Hoed en sonbrandroom
- Swemdrag (dit is verpligtend dat leerders wat die swembad wil gebruik doelgemaakte swemdrag moet dra)
- Genoeg warm klere
- Pen, potlood en notaboekie



## LET WEL

Geen leerder sal toegelaat word om aan die aktiwiteite deel te neem sonder 'n vrywaringsvorm nie. Die vrywaringsvorm moet deur 'n ouer / voog geteken word.



## GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

- Leerders moet alle aktiwiteite bywoon, tensy die omgewingsentrumbestuurder of instrukteur toestemming gee dat leerder nie deelneem nie.
- Ons verwag dat alle leerders stiptelik sal wees vir alle aktiwiteite.
- Geen alkohol word toegelaat nie.
- Die Nasionale Rookwet asook die skool se rookbeleid word streng toegepas.
- Daar word van almal verwag om die natuur ten alle tye te respekteer en te bewaar.
- Leerders en die skool sal ten alle tye verantwoordelik gehou word vir enige breekskade.
- Alle oordreëls moet deur beide leerders en onderwysers nagekom word.

**BESPREKINGSBESONDERHEDE**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Naam van skool | | Besprekingsnr. | | | |
| | | | | GETALLE | |
| Organiseerder | | Posadres | | Seuns | |
| Tel | | | | Dogters | |
| Faks | | | | Graad | |
| Sel | | | | Mans | |
| E-pos | | | | Dames | |
| Aankomsdatum | | Vertrekdatum | | Busbestuurders | |
| Aankomstyd | Vroegste 14:00 | Vertrektyd | Laatste 10:00 | TOTAAL | |
| Doel van besoek (merk asb. een) | Eie program | Avontuur | Leierskap - ontwikkeling | Naam van skoolhoof | |
| | Opvoedkundig / Ontspanning | Opvoedkundig gespesialiseerd | Leierskap sertifikaat | | |

Pakkette en Inligting (Pryse is onderhewig aan verandering)

| Drakensville Program | | | | | Eie program (slegs akkommodasie) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Program/Akk/Etes | Insluitend Etes | | | Selfsorg | Insluitend Etes | | | Selfsorg |
| Pakket | 1 | 2 | 3 | Geen etes | 1 | 2 | 3 | Geen etes |
| Dagbesoek (1 ete) | R89.25 | R94.75 | R100.25 | R94.75 | R79.95 | R85.45 | R90.95 | R85.45 |
| 2Dag / 1Nag (2 etes) | R216.90 | R236.70 | R255.40 | R222.40 | R198.30 | R218.10 | R236.80 | R203.80 |
| 3Dag / 2Nag (5 etes) | R421.55 | R466.65 | R509.55 | R350.05 | R393.65 | R438.75 | R481.65 | R322.15 |
| 4Dag / 3Nag (8 etes) | R626.20 | R696.60 | R763.70 | R477.70 | R589.00 | R659.40 | R726.50 | R440.50 |
| 5Dag / 4Nag (11 etes) | R830.85 | R926.55 | R1017.85 | R605.35 | R784.35 | R880.05 | R971.35 | R558.85 |
| 6Dag / 5Nag (14 etes) | R1035.50 | R1156.50 | R1272.00 | R733.00 | R979.70 | R1100.70 | R1216.20 | R677.20 |
| 7Dag / 6Nag (17 etes) | R1240.15 | R1386.45 | R1526.15 | R860.65 | R1175.05 | R1321.35 | R1461.05 | R795.55 |

Etes en toegangsfooie vir onderwysers en busbestuurders is nie by bg. pakkette ingesluit nie

Finale getalle vir etes moet ons nie later as 7 dae voor aankoms bereik nie. U sal aanspreeklik bly vir bevestigde aantal etes

Selfsorg toerusting: gasstoof, yskas, vrieskas, urn, 2 potte, braai fasiliteite – geen eetgerei/breekgoed/kombuisgereedskap

Eie program: 'n lokaal is beskikbaar teen R400 per dag of gedeelte daarvan

Bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| ATKV Drakensville<br>ABSA Harrismith: 632005<br>Rekenings: 4064709751<br>Verwysing: (Besprekingsnr) | Geen bespreking sal op ons kalender aangebring word sonder bevestiging van die **R2500 deposito** nie)<br>**ONS AANVAAR SLEGS BANKGEWAARBORGDE TJEKS!** |

**AKTIWITEITSLYS**

| | Aktiwiteit | Ingangsfooi | Afstand (een rigting met eie vervoer) | Tyd | Merk asb |
|---|---|---|---|---|---|
| | AKTIWITEITE OP DIE OORD | | | | |
| 1 | Abseil – 7m | R12 | 10 km reis | 2.5 ure | |
| 2* | Abseil – 15m | R20 | 4 km stap | 5 ure | |
| 3 | Inleiding tot Perdry | R20 | sentrum | 1.5 ure | |
| 4 | Verfbal | R45 | sentrum | 1.5 ure | |
| 5 | Kettie Verfbal | R15 | sentrum | 1.5 ure | |
| 6 | Kettieskiet | Gratis | sentrum | 1 uur | |
| 7 | Boogskiet | R15 | sentrum | 1.5 ure | |
| 8 | Hindernisbaan | Gratis | sentrum | 1.5 ure | |
| 9 | San Rotskuns Staproete | R15 | 8 km stap | 4-5 ure | |
| 10 | Ekologie Studie | R5 | sentrum | | |
| 11 | Water/Woud/Gras Studie | R5 per aktiwiteit | sentrum | | |
| 12 | WATER AKTIWITEITE | | | | |
| 13 | Foefieglybaan | gratis | sentrum | | |
| 14 | Vlotbou | gratis | sentrum | | |
| 15 | Swem en Waterwurm | gratis | sentrum | | |
| | NUWE AKTIWITEITE | | | | |
| 16 | "Gaan Groen" | R10 | sentrum | | |
| 17 | Kunsvlyt | R15 | sentrum | | |
| 18 | Sport en Fiksheid | R5 | sentrum | | |
| | AKTIWITEITE WEG VAN DIE OORD | | | | |
| 19 | Sirkus Werkswinkel | per kwotasie | 25 km reis | | |
| 20 | Drakensberg Seunskoor | R100/R135 | 80 km reis | | |
| 21 | Dragon Rock Reptielsentrum | R50/R70 | 80 km reis | | |
| 22 | Falcon Ridge Roofvoëlsentrum | R40/R80 | 80 km reis | | |
| 23 | Stap - RNNP | R20/R30 | 30 km reis | | |
| | Suiwelplaas | R25 | 40 km reis | | |
| | Drakensberg Kragstasie – Eskom | eie bespreking | 10 km reis | | |
| | Basotho Kultuurdorp | R20 | 80 km reis | | |
| | Basotho Kultuurdorp & Middagete (Geen spesiale diëte) | R60 | 80 km reis | | |
| | Slagvelde en Historiese Plekke | per kwotasie | ± 60 km reis | | |
| | LESINGS EN AAND AKTIWITEITE | | | | |
| | Inleiding tot die Drakensberg | gratis | sentrum | | |
| | Drakensberg Geologie | gratis | sentrum | | |
| | Sterremars | gratis | sentrum | | |
| | Lanternbekruip | gratis | sentrum | | |
| | Sokkie / DVD- aand | R3 | sentrum | | |
| | Kampkonsert | gratis | sentrum | | |

**PRYSE IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING SONDER VOORAF KENNISGEWING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| * Gemerk – slegs hoërskool | RNNP – Royal Natal Nasionale Park | Seunskoor SLEGS Woensdae | Tyd vir 30 persone + Reis |

Merk asb. u gekose pakket en aktiwiteite en stuur terug per e-pos/faks. Ons sal vir u 'n voorgestede program en kwotasie stuur